**Skriflesing:** Jesaja 40 vers 6-8, 10-15, 22-23, 27-31 en Jesaja 41 vers 8-20
(Jesaja beteken: "die Here bewerk redding")
**Tema:** Die Here is by ons in 2018.

Wie van ons weet wat 2018 vir jou inhou? Nie een van ons weet nie. Ons is so nietig, ons weet nie eens wat in res van die erediens gaan gebeur nie.
Net die Here weet. Hy is die Alwetende, die Almagtige. Hy is by ons en hou vir ons vas.

**Voor die Here is ons nietig.**
Ons lees in Jesaja 40:6-7 in die Boodskap: "Gaan sê vir die mense dat alle mense eintlik soos gras is wat weer doodgaan. Hulle is soos die blomme in die veld. Binne 'n dag is hulle klaar geblom. Wanneer die Here die wind daaroor laat waai, droog die gras uit en die blomme gaan dood. Die mense is ook maar soos die gras. Gras droog uit. Blomme gaan dood. Maar wat die Here sê, hou vir altyd."

Ons lees in Jesaja 40 vers15 dat ons as nasies vir Here soos 'n druppel aan 'n emmer is, 'n stoffie op 'n skaal is. In vers 22 staan daar dat ons as aardbewoners so klein soos sprinkane is.

In Jesaja 41 vers 14 lees ons dat ons klein, niks meer as 'n wurm, is nie. Hiermee wil die Here nie sê dat ons waardeloos is nie, maar Hy beklemtoon net weer dat ons klein is. Vir sommige mense is dit baie sleg om van ons verganklikheid en nietigheid te hoor. Maar vir my as gelowige is dit bevrydend.

**In die eerste plek besef ek opnuut dat die aarde nie om my draai nie.**
Vir die Here is ek soos gras, 'n druppel aan 'n emmer of 'n stoffie op 'n skaal. Ek is vreeslik klein.

Daarom kan ek ophou om angstig te wees en verward rond te hardloop asof alles van my afhang. Ek is te klein en te swak om op my eie reg te kom en 'n verskil te maak. My vertroue is ook nie in mense nie, want hulle is net so klein soos ek. My vertroue is in God en Sy beloftes. Ek gee beheer oor aan Een wat in beheer is. Ek is verganklik, maar het 'n ewige God. Ek is nietig en gee oor aan die almagtige God.

**In die tweede plek laat my verganklikheid my opnuut besef dat ek 'n bywoner hier op aarde is.**
Dit waaroor ek vandag so bekommerd is, duur maar vir 'n kort rukkie. Die Psalm-skrywer beaam dat ons maar 70 tot 80 jaar op aarde is. As die Here se wind oor my waai, is ek weg en my plek vir altyd leeg. Die wete is nie vir my 'n bedreiging nie. My tydjie op aarde is onseker, maar ek weet waarheen ek gaan. Ek is op pad na my permanente blyplek in die hemel. En juis daarom moet ek leer om my besig te hou met die regte goed. Dit is nie aardse goed nie, maar goed wat ewigheidswaarde het. Daarom bid ek dat die Here my prioriteite moet regmaak. Hy moet my vrymaak van alles wat vir die wêreld so belangrik is en my laat fokus op my geloofskat in die hemel.

**In die derde plek maak die besef van hoe nietig ek is, dat ek soveel makliker aan die Here oorgee in geloof**
Teenoor my en jou is die Here almagtig.Ons lees in Jesaja 40 vers12: "Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg?" In vers 22 sien ons dat ek en jy onder die hemel as God se tent woon.
**Hy is in beheer van die skepping.**
Vir hulle wat smag van dors, sal Hy water gee. Hy sal water gee in die droë dele van die land. Kom ons bly Hom smeek dat Hy Sy verlossende reën oor ons dor land sal laat val. Hy sal water gee.

**Hy is in beheer van die geskiedenis.**

In Engels praat ons van geskiedenis as “history.” As Sy kinders weet ons dit is  eintlik: “His story”. Van altyd af besluit die Here wat moet en gaan gebeur. Hy stuur Babiloniërs om Sy ongehoorsame volk te straf. Sewentig jaar in ballingskap het die wanopvatting laat ontstaan dat die gode van Babilonië magtiger as die God van Israel is. Dit is egter ‘n illusie. Hy is die enigste God. Hy stel konings aan en vat konings weg. Na 70 jaar stuur Hy Persië onder koning Kores om die Babiloniërs te verslaan en Sy volk te verlos.

God is in beheer. Hy gebruik nasies in die skrywe van sy geskiedenis op aarde. In en deur alles is Hy aan die werk. Hy het mag en seggenskap oor alles wat in 2018 na my kant toe gaan kom.

**Die wonderlikste is dat God my wil help in die jaar wat voorlê.**
Hy doen dit nie omdat ons dit verdien nie. Hy doen dit omdat Hy ons liefhet. Hy verseker ons in Jesaja 41 vers 8-9 dat Hy ons gekies het: “[8]Maar jy, my dienaar, Israel, Jakob vir wie Ek uitverkies het, afstammeling van Abraham vir wie Ek liefhet, [9]jy, vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het, van sy uithoeke af geroep het, vir jou het Ek gesê: Jy is my dienaar, Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie.”

Hoor Sy gerusstellende woorde in Jesaja 40 vers 11 en Jesaja 41 vers 10 en 13-14:
“[11]Soos 'n herder versorg Hy Sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in Sy arms en Hy dra hulle teen Sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.”
“[10]Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.”
“[13]Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou. [14]Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel.”

Hy is die Een wat ons gebede verhoor. Hy laat hulle wat hulpeloos en arm is nie in die steek nie.

Daarom is ek nie bang nie. Al sien my oë wat ookal, al hoor my ore wat ookal en al gebeur wat ookal met my. Al voel ek ook soms soos die volk in Jesaja 40 vers 27: “Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby.”

Wat die Here sê, staan vas. Ek hoor die beloftes uit God se mond en ek maak dit my eie. Soos ‘n klein kindjie, ‘n stoffie op ‘n skaal, klim ek in geloof in my Almagtige Vader se arms. Hy verseker my: “Moenie bang wees nie, Ek is by jou. Moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou. Ek help jou. Ek hou jou vas. Met my eie hand red Ek jou. Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand. Moenie bang wees nie, Ek help jou. Moenie bang wees nie, Ek help jou sê die Here jou Verlosser die Heilige van Israel.”

Ek vertrou op die Here en daarom getuig ek ook die woorde van Jes 40 vers 31: “maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.”

**Afsluiting**
Nie een van ons weet wat die nuwe jaar inhou nie, maar ons behoort aan die Here wat weet. Ons is nie in beheer nie, Hy is. Hierdie Here wil ons help. In liefde hou Hy vir my en jou vas. In geloof hou ek aan Hom vas. Daarom, en daarom alleen, sien ek kans vir die jaar wat voorlê.
**Amen**